

Donderdag 17 September

Skrifgedeelte: Ester 2:19-23

Fokusgedeelte: Jeremia 29:7

God se integriteit maak staanplek, selfs in die vreemde

Mense wat in die vreemde leef, kan weet: *God is ook hier en Hy bestuur wat gebeur, al word Hy nie eksplisiet erken nie.*

Mordegai hoor van 'n sameswering om koning Ahasveros te vermoor. Wat sal hy doen?

Bykans 100 jaar voor Mordegai moet besluit wat om te doen, het die Babiloniërs die Jode in ballingskap weggevoer. Mordegai het die trauma om in ballingskap weggevoer te word, sekerlik nie beleef nie. 55 jaar voor Mordegai moet besluit wat om te doen, val die Babiloniese ryk voor die Perse en is die Jode toegelaat om terug te keer na Juda. Om verskillende redes het sommige Jode in die vreemde agtergebly en daar 'n lewe gemaak. Soos Mordegai se familie ook.

Wat sal hy doen oor die sameswering? Dit lyk nie of Mordegai uit trauma van ballingskap kies nie; eerder uit die waardestelsel van sy geloof: *“Jy mag nie moord pleeg nie”* (Eks. 20:13). Hy bevorder die belange en welwese van die stad waarin hy bly (Jer. 29:7).

En so versterk die Here die netwerk in en om die paleis – getuies wat met integriteit lewe. Mordegai vertel vir Ester, Ester vertel die koning. En ná ondersoek word daar met die samesweerdere afgerekend. Mordegai se integriteit-in-daad word opgeteken.

Integriteit-in-daad wat die Gees bring, bou geloofwaardigheid. Ook onder vreemde oorheersing.

Gelowiges sonder strukturele mag kry staanplek deurdat hulle vir hulle (nee, eintlik God se!) integriteit geag word. Aan hoe hulle konsekwent goddelike liefde leef – beide in die binnekring (Joh. 13:34-35) én teenoor ander (Luk. 10:25-37) – word hulle (nee, eintlik God se!) geloofwaardigheid sigbaar.

Hoe lyk die staanplek wat jy vir jou in die samelewing oopleef? Ag ander mense jou vir jou (nee, God se!) integriteit? Sal iemand iewers na jou luister omdat hulle jou integriteit ken? Wie weet wanneer God sy integriteit in jou wil gebruik?

Sing: Psalm 65-1:3, 4

Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)